
Every Child is an Artist !
- Picasso

# Hallo liewe Kunstenaars!

Ek hoop jy het verlede week se pretles geniet,
vandag doen ons nog een!
Hierdie is nie verpligtend nie, maar dis beslis lekker!

Dankie vir die maats wat hulle foto's vir my gestuur het, dit het my dag gemaak om te sien hoe kreatief julle by die huis kan wees en dit het my sommer ekstra baie laat verlang.


Sien die foto's aan die einde van die skyfievertoning.

Ek wil vandag vir jou vertel van een van my gunsteling kunstenaars wat nog ooit geleef het. Julle moes al sy naam gehoor het en as jy mooi onthou is daar ‘n plakkaat van hom in die kunsklas op.

# PABLO PICASSO

Hy het geleef vanaf 1881 tot 1973.
Daar is so baie interessante feite oor Picasso, maar ek dink die belangrikste ding wat ons van hom moet weet is dat hy baie, baie lief daarvoor was om **abstrakte kuns** te maak.

Jy onthou seker wat abstrakte kuns is?
Dit is wanneer die prent nie realisties lyk nie, byvoorbeeld as ek ‘n mannetjie teken en sy neus sit by sy oor of ek kleur hom blou in!



Sy manier om abstrak te werk het later ‘n naam gekry, Kubisme.

Hoor jy die woord “kubis” daarin? Kyk na die foto’s van Picasso se Kubisme kuns en kyk of jy verstaan waarom dit die naam is.



The weeping woman, 1937



Three musicians, 1921

Sien jy hoe hoekig die voorwerpe op die prente is?

Nou is dit jou beurt!

Ons gaan ons eie abstrakte gesig maak deur

‘n speletjie te speel.


Jy gaan ‘n dobbelsteen, papier en potlood benodig.




# Dalk onthou van julle hierdie speletjie!


Gebruik die dobbelsteen om eerste te kyk watter gesig jy moet teken. Byvoorbeeld as jy ‘n 3 rol moet jy hierdie gesig teken.


Die volgende rondte is die neus, dan die mond, dan eerste oog en dan die tweede oog.





# So lyk myne!








Jy kan nou verder gaan en vir hom ‘n lyfie gee!

# Hier is van verlede week se kunswerke.




Owen Kotze gr.7



Kurt Kotze gr.7





Derik du Preez gr.7




Anke Louw gr.7



Rozelle Buhr gr.7




Enrich Koch gr.7



Bianka Mey gr.6



Zané Verster gr.6